


SPEELGOEDKIS

Gasvryheid en geloof maak nuwe deure oop!

- ✓ Het jy al die fliëk “The greatest showman” gekyk? Wat het jy van die fliëk gedink? Die quote hier langsaan kom uit die fliëk uit. Wat dink jy van die quote?
 - ✓ Hoe help die quote ons as jy dink aan die woord gasvryheid?
 - ✓ Dink weer aan die video “speelgoedkis”. Hoe pas die quote en die video bymekaar in?
 - ✓ Wat is iets waarmee jy vandag “struggle” en waarmee jy hulp nodig het by die Here?
- Lees weer die verhaal van Abraham en die 3 gaste in Genesis 18:1 - 15.
- Waarmee het Abraham en Sara ge-“struggle”? (Om te sien hoe groot die “struggle” was lees ook Genesis 15:1 - 5; Genesis 16:1 - 2&Genesis 17:1 - 6)



Daardie belofte wat God aan Abraham gemaak het was regtig iets waaraan Abraham en Sara vasgehou het en tog het dit nie gebeur nie. Mens kan sê dit was soos 'n speelding wat in die speelgoedkis gebêre is - dit is daar, hulle weet dit, maar hulle was nou oud en moeg en het al so bietjie vergeet daarvan.

- Het jy ook so ding in jou lewe - iets waaraan jy altyd vasgehou het, wat die lewe as't ware die moeite werd gemaak het, maar jy't dit verloor? En nou “BESTAAN” jy eintlik maar net - jy LEWE nie eintlik meer nie...
- Hoe het Abraham weer die “ou” belofte ontdek?

Deur gasvry te wees teenoor 3 vreemde manne. Kyk hoe gaan hy uit sy pad om die 3 manne welkom te laat voel. Hy doen regtig moeite& dit op 'n tyd van die dag waar die meeste “ou” mense eintlik 'n slapie wil vat!

- Doen jy nog moeite met mense? Jou vriende? Ouer/s? Oupa/Ouma? Wat van ander mense? “Vreemde” mense?
- Ons fokus baiekeer op die feit dat Abraham so gasvry was en dit is so - hy is 'n voorbeeld, maar lees weer vers 1. Wie is die een wat EERSTE genoem word en “iets” DOEN? Dit is die HERE wat VERSKYN/ONTMOET!

Ons het laasweek gesels oor “connections” met God en mekaar en dat sulke oomblikke belangrik is. Laasweek het jy dalk gesit en dink - HOEKOM? Want vanoggend net soos laasweek sien ons hoe God in daardie ontmoetings VERSKYN en AMAZING dinge laat gebeur! Hy breek ons oë baiekeer deur ander mense oop om Hom raak te sien en die “speelgoed” in ons “speelgoedkis” - daardie gawes, talente, geskenke, blessings en beloftes waarvan ons al vergeet het!

In die fliek the Greatest showman ontdek die karakter van PT Bartum dit ook.
Hy jaag klomp GROOT drome na en op 'n stadium mis hy die werklike "skatte"
wat in sy lewe is...

Op daardie oomblik verloor hy amper alles en wanneer hy op moedverloor se
vlakke is, platgeslaan is dit juis sy "FREAKS" - hierdie VREEMDE mense wat
nêrens ingepas het en deur ander aanvaar is nie - VREEMDE mense wat hy
ingenooi het en deel van sy lewe gemaak het wat hom help om weer die "skatte in
sy speelgoedkis" raak te sien en daarop te fokus.

WANT DIS SOMS DEUR VRIENDELIK TE WEES MET 'N VREEMDE WAT JYSELF 'N
STUKKIE VAN JESUS SE LIEFDE EN VREUGDE BELEEF!

Dit is DAN wat ons soos Abraham en Sara ook ontdek NIKS IS VIR GOD
ONMOONTLIK NIE!